Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2022

# RELIGIESTUDIES V1 (EKSEMPLAAR)

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **2 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIE EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B.

2. AFDELING A: VERPLIGTEND
   AFDELING B: Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Die lengte van jou antwoorde moet ooreenkom met die punte wat aan elke vraag toegeken is.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel in hierdie vraestel.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A

## VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.11 D.

1.1.1 Die ontkenning van die waarheid van die bruikbaarheid van religie word ... genoem.

A teïsme
B ateïsme
C ekumenisme
D politeïsme (1)

1.1.2 Die proses waardeur elemente van een religie met ŉ ander religie geïntegreer word.

A Sinkretisme
B Sekularisme
C Evangelisme
D Ritueel (1)

1.1.3 ŉ Tipe heilige storie, hoofsaaklik oor die oorsprong van religie.

A Ritueel
B Doktrine
C Verhaal
D Mite (1)

1.1.4 Dit meng nie in met religie nie.

A Ritueel
B Staatsreligieë
C Sekulêre staat
D Gebed (1)

1.1.5 Dit verwys na die diepte van ŉ persoon se verhouding of konneksie met God.

A Geloof
B Gebed
C Spiritualiteit
D Aanbidding (1)

1.1.6 ʼn Storie wat gebaseer is op werklike gebeure wat plaasgevind het.

A Verhaal
B Mite
C Ritueel
D Gebed (1)

1.1.7 Die geloof in een of meer gode, wat die wêreld geskep het en na die mensdom omsien:

A Teïsme
B Teologie
C Nuwe Testament
D Jesus Christus (1)

1.1.8 Karl Marx was ʼn …

A kommunis.
B materialis.
C ateïs.
D Al die bogenoemde. (1)

1.1.9 Die Agtvoudige Pad is deel van …

A Islam.
B Boeddhisme.
C die Bahá'i-geloof.
D Hindoeïsme. (1)

1.1.10 … is een van die Abrahamitiese godsdienste.

A Boeddhisme
B Hindoeïsme
C Islam
D Afrika Tradisionele Godsdiens (1)

**[10]**

1.2 Kies ŉ heilige teks uit KOLOM B wat pas by ŉ godsdiens in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–G) langs die vraagnommers (1.2.1 tot 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK, byvoorbeeld 1.2.7 H. MOET NIE enige letter meer as een keer gebruik NIE.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Hindoeïsme | A | Tripitaka |
| 1.2.2 | Boeddhisme | B | Vedas |
| 1.2.3 | Judaïsme | C | Bybel |
| 1.2.4 | Islam | D | Kitab-i-Aqdas |
| 1.2.5 | Christendom | E | Koraan |
| 1.2.6 | Bahá'i geloof | F | Tanak |
| | | G | Bhagavat Gita |

(6 x 1) (6)

1.3 Kies die woord in ELKE lys hieronder wat NIE pas by die res NIE. Skryf die woord langs die vraagnommer (1.3.1 tot 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer en gee ŉ rede waarom dit nie pas NIE.

VOORBEELD: Rooi; Geel; Sirkel; Blou
ANTWOORD: Sirkel
REDE: Die ander drie is kleure.

1.3.1 Jesus; Moses; Mohammed (2)

1.3.2 Kruis; Vis; Halaal (2)

1.3.3 Betlehem; Durban; Mekka (2)

1.3.4 Pastoor; Inyanga; Sangoma (2)

1.3.5 Koraan, Vedas, Woordeboek (2)

1.4 Voltooi die volgende sinne deur die ontbrekende woord(e) in te vul. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (1.4.1 tot 1.4.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Maak jou keuse uit die lys wat voorsien is.

| Ghoeroe; Sinagoge; Siddharta Gautama; Moskee; Kgotla; Poligamie |
|---|

1.4.1 Moslems aanbid in ŉ … (2)

1.4.2 … is ŉ huwelik met meer as een vrou. (2)

1.4.3 ŉ … is ŉ Hindoe geestelike leier. (2)

1.4.4 … is ŉ openbare ontmoetingsplek. (2)

1.4.5 ŉ … is ŉ gebou waar Jode bymekaar kom om te aanbid en om geleer te word. (2)

1.5 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (1.5.1 tot 1.5.5) in die ANTWOORDEBOEK neer. Gee ŉ rede indien die antwoord ONWAAR is.

1.5.1 Dr. Allan Boesak was ŉ voormalige president van die Wêreldraad van Kerke. (2)

1.5.2 Teokrasie is ŉ vorm van regering waar daar ŉ verhouding is tussen een spesifieke godsdiens en die regering. (2)

1.5.3 Judaïsme is een van die sendeling godsdienste. (2)

1.5.4 Aartsbiskop Thabo Makgoba het die Nobelprys vir sy rol in die stryd teen apartheid ontvang. (2)

1.5.5 Die Islamitiese godsdiens gee beskerming aan diere soos apies, slange en selfs rotte in sommige tempels. (2)

1.6 Definieer die volgende konsepte in die konteks van godsdiens:

1.6.1 Aanbidding (2)

1.6.2 Doktrine (2)

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B

Beantwoord enige TWEE vrae in hierdie afdeling.

## VRAAG 2

2.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**VROUE IN MOSKEES: DIE VASSTEEK BY DIE AANTAL VROULIKE IMAMS VEROORSAAK DAT DIE VOORUITGANG WAT GEMAAK IS, GEMIS WORD**

**Vroulike stemme in Moslem-gemeenskappe**

1 Moslemvroue vra toenemend dat meer moskees hulle moet insluit. Organisasies soos die Moslem Vroue Netwerk VK, "Geloofsake" en Burgers (VK) het moskees aangemoedig om ruimtes vir vroue oop te stel en hulle by die moskeeleierskap in te sluit. Tradisioneel het slegs mans 'n godsdienstige verantwoordelikheid om by moskees te bid.

2 In sommige kontekste, het vroue teen moskees wat deur mans oorheers word, gereageer deur moskees te stig wat deur vroue gelei word. Die eerste moskee vir vroue in die VSA … is in 2015 geopen.

[Uittreksel geneem en vertaal uit theconversation.com]

2.1.1 Wat is die verlange wat Moslem-vroue voor vra? (4)

2.1.2 Uit die leesstuk dui aan hoe Moslem-vroue deur die tradisies van hul godsdiens uitgesluit word. (4)

2.1.3 Dui die vooruitgang aan wat deur vroue in Moslem-gemeenskappe gemaak is. (2)

2.1.4 Dink jy vroue moet by leierskap ingesluit word? Motiveer jou antwoord. (4)

2.2 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**POUS BREI VROULIKE ROLLE IN DIE KATOLIEKE KERK FORMEEL UIT**

1 Pous Francis het die kerkwet Maandag verander om formeel meer rolle vir vroue binne die Katolieke Kerk toe te laat. Die besluit laat vroue toe om as lesers en altaarbedienaars te dien, en om ook priesters te help tydens die diens of in die bediening van die Heilige Nagmaal. Francis het egter herhaal dat die priestersamp steeds slegs ŉ pad is wat deur mans gevolg kan word.

[Uittreksel geneem en vertaal uit voanews.com]

**KERKE VERLOOR KRAG AS VROUE AAN LEIERSKAP UITGESLUIT WORD**

2 Die skrywer Shaunti Feldhahn (Mutnomah, 2009), sê, "Dat die kerk in die diepte van sy leierskap bedrieg word omdat vroue meestal uitgesluit word. Baie kerke kan die feit dat hulle nie vroulike perspektief het nie, die doeltreffendheid of reikwydte van die werk wat God wil doen, beperk."

[Uittreksel geneem en vertaal uit churchexecutive.com]

2.2.1 Watter vernuwings, in terme of geslag, het die Rooms-Katolieke Kerk ondergaan? (4)

2.2.2 Haal EEN sin, ŉ uit paragraaf 1, aan, wat verklaar dat vroue steeds nie op gelyke menslike vlak as mans is nie. (2)

2.2.3 Verwys na paragraaf 2:

Die kerk in die "diepte van sy leierskap bedrieg word ..." Stem jy saam met Shaunti Feldhahn? Gee redes vir jou antwoord. (4)

2.3 Hoe help die konflikteorie om die stryd van vroue in verskillende godsdienste te verduidelik? (4)

2.4 Hoe het funksionalistiese teorie die doel van godsdiens in die samelewing verduidelik? (8)

2.5 Lees die volgende uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

> In Suidelike Afrika bestaan jagter-versamelaar gemeenskappe, bekend as die San of Boesmans, reeds vir duisende jare tot vandag nog. Argeoloë beweer dat die voorvaders van die San moontlik tot 20 000 jaar terugdateer! Gedurende hierdie tyd het die Sangemeenskappe verskeie veranderinge ondergaan.
>
> Die belangrikste ritueel, wat vandag nog steeds beoefen word, is die beswymingsdanse (‘trance dance’). Die beswymingsdans het gehelp om siekes gesond te maak deur hulle aan die krag van die geesteswêreld te koppel. Hierdie ritueel genees ook die groep as ŉ geheel omdat dit hulle daaraan herinner dat hulle deel van ŉ gemeenskap is wat mekaar help gedurende moeilike tye.
>
> [Geneem uit *Fokus op Religiestudies, Graad 11*, Donne et al, 2005:9]

2.5 2.5.1 Godsdiens is nie staties nie, maar dinamies (verander).

Brei uit oor hierdie stelling. (4)

2.5.2 Tradisionele genesing is ŉ belangrike praktyk in die San-gemeenskap.

Dink jy dat tradisionele genesing ŉ deurslaggewende rol in die stryd teen MIV/Vigs en Covid-19 kan speel?

Motiveer jou antwoord. (6)

2.5.3 Waarom staan die San-gemeenskap as ŉ jagter-versamelaar gemeenskap bekend? (2)

2.5.4 Wat word die geestelike krag van die San-gemeenskap genoem? (2)

**[50]**

## VRAAG 3

3.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**DAGGA EN DIE DWELMGEVAAR**

Dwelmmisbruik is ŉ massiewe probleem. Was nog altyd. Maar waar dit kop uitsteek, kan dit met ŉ spanpoging in die kiem gesmoor word. Die kinders van Suid-Afrika het nie hierdie monster ook nog in hulle midde nodig nie …

Niemand het dit snaaks gevind dat Willempie "snaaks" begin raak het nie. Die eens voorbeeldige seun in die woonbuurt het skielik verslons in die strate begin rondhang – sy rooi oë en verdwaasde uitdrukking, die sprekende tekens dat alles nie meer pluis met hom was nie.

Willempie was dikwels in ŉ dwaal. Ongelukkig was sy ouers so besig met hul eie dinge – om hul stand in die gemeenskap blink te poets en met hul rykdom te spog – dat hulle nie hul seun se geleidelike verval tot in die rioolputte van die samelewing raakgesien het nie. Toe hulle wakker skrik, was dit te laat. Nie eens ŉ inrigting vir dwelmverslaafdes kon Willempie blywend van sy verslawing genees nie en hy is mettertyd oorlede. En alles het so "onskuldig" begin met ŉ bietjie dagga wat hy op ŉ keer saam met sy maats beproef het.

[Uittreksel geneem uit www.mieliestronk.com]

3.1.1 Haal EEN woord uit paragraaf 1 aan, wat aandui dat die probleem [dwelms] te groot is vir een organisasie om uit te roei. (2)

3.1.2 Volgens die artikel wat was die finale gevolge vir Willempie? (2)

3.1.3 Haal ŉ bewys uit die artikel dat Willempie se ouers nalatig was. (2)

3.2 As jy op die beheerliggaam van jou skool was, watter riglyne sou jy vir die hantering van dwelmmisbruik onder leerders aanbeveel? (6)

3.3 Watter rol kan godsdienstige leiers speel om die probleem van dwelmmisbruik aan te spreek? (8)

3.4 Jy is genooi vir ŉ onderhoud op ŉ jeugprogram oor die impak van dwelmmisbruik in jou gemeenskap. Skryf ŉ opsomming van wat jy wil sê in die onderhoud. (8)

3.5 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**RASTAFARIËRS VERWELKOM DAGGA-BESLISSING**
deur Siphelele Nketo vir die *Griqualand Fever*

Daar was uiteenlopende menings na die uitspraak van die hooggeregshof oor die dekriminalisering van die gebruik van dagga (cannabis in privaatheid).

"Dagga is deel van ons lewens en ons kan nie daarsonder lewe nie, want dit bring ons naby 'Jah' (God) … Die stof word die 'wysheidkrui' of 'die heilige kruie' genoem, en baie Rastafariërs glo dat dit soos ander plante geskep is, en daarom moet dit nie as 'n dwelm behandel word nie" het Rasaztion Mahlasela aan die *Fever* gesê.

"Rasta-mense is nie misdadigers nie, en is teen misdaad en die gebruik van dwelms. Dagga maak ons gesond en beskerm ons teen siektes," het Lwandile Mzamo gesê.

[Uittreksel geneem en vertaal uit News24.com]

3.5.1 Waarom gebruik Rastafariërs marijuana (dagga) in hul godsdienstige seremonies? (2)

3.5.2 Rastafariërs beskou nie marijuana (dagga) as 'n dwelm nie. Stem jy saam met hierdie stelling? Motiveer jou antwoord. (4)

3.6 Gee 'n opsomming van die belangrikste redes waarom godsdienste blykbaar teen ontspanningsaktiwiteite is wat dwelms, alkohol en dobbel insluit. (8)

3.7 Skryf TWEE ontspanningsaktiwiteite neer wat jy dink die meeste godsdienste ten gunste van is en TWEE ontspanningsaktiwiteite wat jy dink die meeste godsdienste gekant teen is. (8)
**[50]**

**VRAAG 4**

4.1 Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord die vrae wat volg.

**WAAROM RITUELE BELANGRIKE OORLEWINGSINSTRUMENTE TYDENS DIE COVID-19-PANDEMIE IS**

Covid-19 het baie aspekte van die daaglikse lewe ontwrig, waaronder heilige en alledaagse rituele. Terseldertyd bied die pandemie ŉ unieke geleentheid wêreldwyd om rituele aan te pas om in nuwe behoeftes te voorsien en om op nuwe uitdagings te reageer.

Rituele is nie willekeurig, wispelturig of sonder patroon nie. In plaas daarvan dien hulle kritieke sosiale funksies soos om pasgeborenes in gesinne te verwelkom, hul vierings en huwelike te vier en om geliefdes wat gesterf het, te betreur. Rituele bevorder ook solidariteit deur gemeenskappe toe te laat om hul gedeelde doelstellings en waardes uit te druk. Rituele rondom groete en sosiale ondersteuning het ook verander.

In tye van onsekerheid en gevaar gebruik mense dikwels rituele om hul spanning te verminder en beheer oor hul omgewing uit te oefen. Dit is waarom rituele gereeld voorkom tydens periodes van hoë risiko, soos tydens swangerskap en na die bevalling. Dink aan Chhathi, ŉ gewilde ritueel in die noordooste van Indië wat op die sesde dag na die geboorte van ŉ kind plaasvind. Tydens die rituele seremonie, word die moeder en die kind gebad en gevoed. Dit is bedoel om beskerming te bied teen bonatuurlike bedreigings.

[Geneem en vertaal uit africanews.com]

## Waarom mense rituele nodig het, veral in tye van onsekerheid

Deur gedrag aan te pas en gedeelde ervarings te skep, smee rituele ŉ gevoel van samehorigheid en gemeenskaplike identiteit wat individue in samehangende gemeenskappe omskep. Soos veldeksperimente toon, verhoog die deelname aan kollektiewe rituele vrygewigheid en laat mense se hartslag selfs sinkroniseer.

[Artikel geneem en vertaal uittoday.uconn.edu]

4.1.1 Verduidelik kortliks die konsep *ritueel*. (6)

4.1.2 "Covid-19 het baie aspekte van ons daaglikse lewe ontwrig, waaronder heilige en alledaagse rituele."

Verduidelik in jou eie woorde hoe Covid-19 die manier hoe kerkdienste, begrafnisse en troues in jou gemeenskap gehou is, beïnvloed het. (8)

4.1.3 Wat is ŉ *deurgangsrite*? (4)

4.1.4 Noem DRIE deurgangrites in godsdiens. (6)

4.1.5 Gee TWEE redes waarom rituele belangrike oorlewings-instrumente tydens die Covid-19 pandemie is. (4)

4.1.6 *"Rituele smee 'n gevoel van samehorigheid en gemeenskaplike identiteit."*

Skryf die doel van rituele neer. (8)

4.1.7 Bespreek die redes waarom rituele as 'n Covid-19 bedreiging beskou word. (8)

4.1.8 Noem DRIE rolle van rituele. (6)
**[50]**

**VRAAG 5**

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

**SKOLE – BETEKEN GODSDIENSVRYHEID GÉÉN GODSDIENS?**

1 Die Organisasie vir Godsdiens Onderrig en Demokrasie het ŉ aansoek in die hooggeregshof in Johannesburg gebring om ses skole landwyd te verbied om ŉ Christelike etos voor te hou (bevorder). Die organisasie het dit vanuit die staanspoor gestel dat sy optrede nie teen die Christelike geloof self gekant is nie, maar dat praktyke wat in die naam van godsdiens, en in die besonder die Christelike geloof in openbare skole gepleeg word, daartoe lei dat teen kinders wat ander gelowe, of geen geloof aanhang nie, gediskrimineer word.

2 Dat hierdie saak gou na ŉ punt toe moet beweeg, is baie duidelik, omdat sulke sake selde tot die skole beperk bly, maar uiteindelik deurgetrek word na elke ander sfeer waar die owerheid ŉ betrokkenheid het, soos in die VSA, en uiteindelik ook as "polities korrek" na ander sfere uitbeweeg.

3 In die breë trekke het die howe in die VSA beslis dat godsdiensvryheid vir praktiese uitlewing neerkom op "geen godsdiens" nie. Verteenwoordigers van verskillende godsdienste het dit as ŉ diktatoriale neiging begin beleef, en hulle rûe begin styf maak.

4 In Duitsland is die teenoorgestelde benadering gevolg. ŉ Paar jaar gelede is die godsdiens onderrig só uitgebrei dat leerlinge kan kies tussen onderrig in die Christelike godsdiens, of Islam.

5 Voorbeelde van hoe die "geen-godsdiensveldtog" van die VSA tot absurditeite gelei het, het ook periodiek in die Suid-Afrikaanse media verskyn. Die bekendste voorbeeld was seker die regter wat ŉ beeld van die tien gebooie uit sy kantoor moes verwyder. ŉ Kerk is aangekla omdat, as deur die toegesluite hek gekyk word, ŉ Christelike simbool te sien was, wat die teenstanders geoordeel het "in die openbaar" te wees en "aanstoot" gegee het. Die gebruik van "Merry Christmas" is met "happy holidays" vervang weens die verbintenis met die Christelike geloof.

[Geneem uit www.maroelamedia.co.za]

5.1 5.1.1 "Die Organisasie vir Godsdiens Onderrig en Demokrasie het ŉ aansoek in die hooggeregshof in Johannesburg gebring om ses skole landwyd te verbied om ŉ Christelike etos voor te hou (bevorder)."

Haal EEN sin aan wat die organisasie se aksies verduidelik. (2)

5.1.2 Verwys na paragraaf 3.

"… en die rûe begin styf maak."

Wat beteken hierdie aanhaling? (2)

5.2 Verbeel jou dat jy die voorsitter(ster) van die Verteenwoordigende Leerlingraad by jou skool is. Skryf ŉ gedragskode vir leerders. Dit moet ten minste VIER sleutelpunte bevat en dit moet godsdienstige verdraagsaamheid by die skool bevorder. (8)

5.3 Hoe dink jy, watter benadering, die beste oplossing vir Suid-Afrika sou wees? Die van die VSA of van Duitsland?

Gee redes vir jou antwoord. (8)

5.4 Sê in jou eie woorde wat die skrywer bedoel met absurditeite. Gee voorbeelde uit die leesstuk. (6)

5.5. Lees die onderstaande leesstuk en beantwoord die vrae wat volg.

**"GIFT OF THE GIVERS" SPRING IN AKSIE OM ALMAL WAT DEUR DIE KAAPSTADSE BRANDE GERAAK WORD, TE HELP – HIER IS HOE JY KAN HELP!**

deur Brent Lindeque 19 April 2021

**Gift of the Givers is versoek om drie maaltye per dag vir die volgende sewe dae aan te bied, ŉ taak wat hulle met groot vreugde verwelkom en die toekomstige leiers van ons land bedien.**

Wes-Kaap, Suid-Afrika (19 April 2021) – Die Gift of the Givers stigting het tot aksie oorgegaan om ieder en elk wat deur die Kaapstadse brande geraak word, by te staan!

Die Gift of the Givers stigting is die grootste nie-regeringsorganisasie van Afrika-oorsprong op die vasteland van Afrika wat op rampe reageer. Dit werk om mense met ŉ gemeenskaplike visie te verenig om ŉ ware en veelseggende verskil te maak deur die mensdom te dien vir die 'Groter Goed'.

Terwyl verwoestende veldbrande die oostelike kant van Tafelberg verwoes, trek Suid-Afrikaners saam om die brandweerpersoneel en elkeen wat deur die brand geraak word, te help!

[Vertaal uit goodthingsguys.com]

5.5.1 Wat is die primêre fokus van Gift of the Givers? (4)

5.5.2 Wie besit Gift of the Givers? (2)

5.5.3 Uit die leesstuk skryf voorbeelde neer dat hierdie organisasie suksesvol is in hul uitreikpogings. (6)

5.5.4 Gee TWEE voorbeelde van godsdienstige hulporganisasies. (4)

5.6 Is Suid-Afrika ŉ sekulêre of teokratiese staat? Gee ŉ rede vir jou antwoord. (4)

5.7 Noem TWEE maniere hoe godsdiens ŉ impak op die samelewing maak. (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 100**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou